Finansiële Jaarpakket 2024 /Ouer-Begrotingvergadering

Geagte Ouer/s

SKOOLGELDE BETAALBAAR – 2024

Tydens die ouer-begrotingsvergadering gehou op Maandag, 23 Oktober 2023 in die skoolsaal van Hoërskool Fichardtpark, is die begroting vir 2024 deur almal teenwoordig aanvaar. Volgens die onderwyswet is die volle bedrag verskuldig en betaalbaar aan die begin van die skooljaar. Ouers ontvang vir elke leerder wat ingeskryf is vir 2024 'n Finansiële Inligtingstuk waarin u sal aandui welke betaalwyse u wil volg. Die opsie om skoolgelde oor 10 maande af te betaal, word voorgehou. Voortspruitend uit die goedgekeurde begroting word die volgende skoolgelde vir 2024 gehef:

- **Aanvangsheffing van R2 350, as deel van verpligte skoolgelde, betaalbaar voor of op Vrydag, 12 Januarie 2024.** (Bewys van hierdie betaling moet by die registeronderwyser ingehandig word wanneer die skool open indien u nie van die karri-toep gebruik maak nie.)

- **Skoolgeld R20 000 per jaar, aanvangsheffing hierby uitgesluit (R2 000 X 10 maande**), is voor of op die 7de van elke maand betaalbaar (07 Februarie tot 07 November).

- **Korting van 5%** word toegestaan vir ouers wat die **volle skoolgeld** (R20 000 - R1 000 = R19 000) voor **31 Maart 2024** betaal.

- Leerders wat **Rekenaartoepassingtegnologie** (RTT) Gr 10 – 12 neem as vak betaal gedurende Januarie 2024 'n jaarfooi van **R550 (R137.50 per kwartaal)**. (Toon bewys van betaling by vakonderwyser).

- Leerders wat **Verbruikerstudie** (VBS) Gr 10 – 12 as vak neem, betaal gedurende Januarie 2024 'n jaarfooi van **R550 (R137.50 per kwartaal)**. (Toon bewys van betaling by vakonderwyser).

- Leerders wat **Rekeningkunde** (REK) Gr 10 - 12 as vak neem, betaal gedurende Januarie 2024 **R215** vir 'n addisionele werkboek. Geen krediet word hiervoor gegee wanneer leerder van vak verander nie, die addisionele werkboek bly die leerder se eiendom. (Toon bewys van betaling by vakonderwyser).

- Leerders wat **Toerisme** (Gr10 & 11) as vak neem, betaal gedurende Januarie 2024 **R300** vir 'n addisonele werkboek. Geen krediet word hiervoor gegee wanneer leerder van vak verander nie, die addisionele werkboek bly die leerder se eiendom. (Toon bewys van betaling by vakonderwyser).

- Leerders by **Ingenieurs Grafika en Ontwerp** (IGO) Gr 10 – 12 betaal ook gedurende Januarie 2024 **R320** vir 'n addisonele werkboek. Geen krediet word hiervoor gegee wanneer leerder van vak verander nie, die addisionele werkboek bly die leerder se eiendom. (Toon bewys van betaling by die vakonderwyser).

- Leerders wat buitekurrikulêre **Musiek of Vakmusiek Prakties** neem, betaal per **kwartaal** 'n musiekfooi van **R950. Volle jaarfooi van R3800**.

- Leerders wat **skolastiese evaluerings** by die Voorligting Sielkundige aflê, betaal 'n bedrag van **R500 vooraf** vir genoemde evaluering. (Toon bewys van betaling by die betrokke persoon by die Sentrum vir Voorligting, Ontwikkeling en Ondersteuning.)

- Leerders wat keuring ontvang vir **konsessie-voordele** tydens assessering, betaal 'n bedrag van **R1200** per jaar of **R300** per kwartaal**.** (Toon bewys van betaling by die betrokke persoon by die Sentrum vir Voorligting, Ontwikkeling en Ondersteuning.)

- Leerders wat keuring ontvang vir **Ammanuense** tydens assessering, betaal 'n bedrag van **R2000** per jaar of **R500** per kwartaal. (Toon bewys van betaling by die betrokke persoon by die Sentrum vir Voorligting, Ontwikkeling en Ondersteuning.)

- **Sluitkassies** te huur vir **R400** per jaar (1ste keer) - aansoekvorm beskikbaar by die finansiële kantoor. (Bespreek en handig aansoek met bewys van betaling in by die Terreinbestuurder.)
  Hernu van sluitkassie: **R350** per jaar – aansoekvorm beskikbaar by de Finansiële kantoor. (Handig aansoek en bewys van betaling in by die Terreinbestuurder.)

- **Buskaartjie** te koop teen **R200** vir 10 middagritte by die finansiële kantoor. (Toon kaartjie by busbestuurder vir kontrole.) Slegs spesifieke roetes. (Fichardtpark, Pellissier, Fauna, Uitsig.) Kontak die Waarnemende Adjunkhoof, mnr Riaan Herholdt vir enige navrae in die verband. **Beperkte sitplekke beskikbaar**.

- **Handboeke** wat verloor word deur leerder moet vervang word teen **R300** per boek.

- **OMNI-sentrum te huur** vir funksies teen **R3000 plus 'n R1000 deposito. Deposito terug betaalbaar indien geen breekskade volgens kontrak.**

- **Netbalhuisie te huur** vir funksies teen **R600**. Kontrak word voorsien vir verhuring.

<u>BETAAL OPSIES</u>

- **KONTANT (2024 KONTANTVRYE SKOOL)**
  U word vriendelik versoek om kontant betalings te **beperk,** aangesien daar 'n risiko aan verbonde is. Die veiligheid van u kind en die personeel is baie belangrik. U word dus gevra om van die ander betaalmetodes gebruik te maak.

- **KARRI-APP/TOEP**
  U word vriendelik versoek om die karri-toep af te laai aangesien die skool van hierdie kommunikasie en betalingwyse gaan gebruik maak. U kry kennis van al die aktiwiteite waar u kind betrokke is. Geen bewys van betaling word verlang nie. Dit reflekteer onmiddelik op die verslag sodra u betaal het. Maak net seker u lees en verstaan die instruksie.

- **ELEKTRONIESE BETALINGS (EFT)**
  Gebruik te alle tye **u kind se rekeningnommer** en dan 'n kort beskrywing van wat u betaal. (bv. 0001 foto's, 0001 Gr8 kamp) vervang net die 0001 met u kind se rekeningnommer by die skool.

BANKBESONDERHEDE:

Bank	**STANDARD BANK**
Rekeningnaam	**Hoërskool Fichardtpark**
Tipe rekening	**Lopende Rekening / Tjek**
Takkode	**0 5 1 0 0 1**
Rekeningnommer	**0 4 1 2 9 5 7 8 1**
Verwysing	**Gebruik te alle tye u kind se rekeningnommer.**

Baie belangrik

(R50 soekfooi indien verkeerde verwysing gebruik word).

Indien u nie weet wat die rekeningnommer/verwysing is nie kontak die finansiële kantoor.

- **DEBIET- EN KREDIET-KAARTFASILITEIT**
  Kaartmasjien beskikbaar. **(Geen SAMBA-kaarte).**

- **SAMBA-DEBIETORDER**
  Aansoek vir die debietorder moet die Finansiële kantoor bereik voor die 11de Januarie 2024 vir u **Februarie** betaling – finans@fpark.co.za

- **DEBIETORDER (ELEKTRONIESE VERHALING VAN FONDSE TEEN U BANKREKENING)**
  Aansoek vir hierdie debietorder moet die Finansiële kantoor bereik voor die 22ste Januarie 2024 vir u **Februarie** betaling – skoolgeld@fpark.co.za

- **STATUTÊRE VRYSTELLING**
  Aansoekvorm vir Volle- / Gedeeltelike vrystelling vir 2024 skoolgeld is beskikbaar vanaf 01 Desember 2023. Hierdie aansoekvorm moet ***persoonlik afgehaal en terug besorg word***. Vorms onderhewig aan ontvangserkening. Die oorspronklike aansoekvorm en nodige dokumente moet terug besorg word voor of op **28 Februarie 2024.**
  GEEN E-POSSE of **ONVOLLEDIGE** aansoeke sal aanvaar word nie.
  U BLY VERANTWOORDELIK VIR DIE SKOOLGELD totdat u 'n skriftelike skrywe vanaf die skool ontvang t.o.v die uitslag van u aansoek.

- **SKRYFBOEKE EN SKRYFBEHOEFTES**
  Leerders moet self **skryfboeke en skryfbehoeftes** aankoop vir elke vak. Die skool sal riglyne verskaf saam met die eindeksamen rapport van dit wat elke leerder benodig.

Afgesien van die bekende opvoedingsprogram, sluit die Begroting die volgende voordele in:
- Alle Skool Sport, Kultuur, Akademie wat deur die skool aangebied word.
- Gebruik van alle fasiliteite van die skool.
- Spesialisdienste - Opvoedkundige sielkundige (Evalueringstoetse uitgesluit)
- Voorsiening van alle handboeke. Spesiale werkboeke word die leerder se verantwoodelikheid
- Skoolkoerant. (digitaal)
- Addisionele personeel ter wille van kleiner klasse en 'n ruim vakkeuse.
- Gesubsidieerde ekstra klasse waar nodig, in Graad 12.
- Akademiese toer – gedeeltelike gesubsideer.

Begroting sluit uit;
- Opvoedkundige toere -> Gr 8 & 11
- Sporttoere, VCSV Kamp/leierskapontwikkeling
- Voortrekkers affiliasie / kampe
- Matriekafskeid en Mnr & Mej Fichardtpark
- Skryfbehoeftes vir leerders
- Aanlegtoetse
- Skiet – affiliasie
- Gebruik van skool sluitkassie, Busdiens, Fotos's, Jaarblad
- Bruikhuur van Cheerleaders klere - sowel as koordrag
- Musiek – Praktiese lesse
- Ekstra klasse waarby leerders wil inskakel uit vrye keuse

REKENINGNAVRAE:
Die skool stuur elke maand vir u 'n elektroniese rekeningstaat. Dit is belangrik dat u die staat nagaan vir u betalings wat u t.o.v skoolgeld gedoen het. Neem kennis dat ander aktiwiteite se betalings nie op u staat sal verskyn nie maar wel teen die betrokke grootboek geallokeer sal word. Dit is baie belangrik dat u die korrekte verwysing gebruik vir die betrokke betaling. Deur gebruik te maak van die karri-toep skakel u verkeerde allokering uit en het u ook nie nodig om bewys van betaling te voorsien nie. Meld te alle tye u kind se rekeningnommer wanneer u 'n navraag het.

Debiteureklerk, mev Tania van der Walt per e-pos skoolgeld@fpark.co.za of per WhatsApp 063 790 4325 (geen oproepe nie) of per landlyn 051 522 6927 opsie 106	**Finansiële Beampte, mev Elizabeth Gouws** per e-pos finans@fpark.co.za of per landlyn 051 522 6927 opsie 107

ALGEMENE NAVRAE

Toelating/Inskrywing, mev Direne van der Wath per e-pos hr@fpark.co.za per landlyn 051 5226927 opsie 108	**Bemarker, mnr Morné Durand** per e-pos bemarking@fpark.co.za per landlyn 051 522 6927 opsie 105
Ontvangs/Afwesigheid van leerders, mev Joey van Ronge per e-pos ontvangs@fpark.co.za per landlyn 051 522 6927 (Skakelbord)	**Siekekamer, mev Angie van der Merwe** per e-pos fichpos@fpark.co.za per landlyn 051 522 6927 opsie 113

H VAN DER MERWE
SKOOLHOOF
2023-10-24